- Indien velirritasie of uitslag voorkom: Verkry mediese hulp.
- Spoel mond uit.
- Maak produk bymekaar wat gemors / uitgeloop het.
- Indien velirritasie voorkom: Verkry mediese hulp.
- Verwyder besmette klere en was voor hergebruik.
- Indien oogirritasie voortduur: Verkry mediese hulp.
- Berg in 'n goed geventileerde plek. Hou die houer dig toe.
- Stoor toegesluit.
- Raak ontslae van inhoud en houer deur na 'n gevaarlike-of spesiale-afval insamelingsplek te besorg.

RELEVANTE STOWWE

Gevaarlike bestanddele Volgens UN GHS kriteria	CAS nommer	Konsentrasie (W/W)
dimethenamid-P	163515-14-8	64 %
Solvent naphtha (petroleum), heavy arom.; Kerosine — unspecified; [A complex combination of hydrocarbons obtained from distillation of aromatic streams. It consists predominantly of aromatic hydrocarbons having carbon numbers predominantly in the range of C9 through C16 and boiling in the range of approximately 165 °C to 290 °C (330 °F to 554 °F).]	64742-94-5	< 30 %
2-Methylnaphthalene	91-57-6	< 15 %
1-Methylnaphthalene	90-12-0	< 10 %
POE (6) Tridecyl ether phosphate, reaction product with POE (5) soya amine		< 10 %
Oxirane, methyl-, polymer with oxirane, monobutyl ether	9038-95-3	< 5 %
Biphenyl	92-52-4	< 3 %

NOODHULPBEHANDELING

Noodhulppersoneel moet aandag gee aan hul eie veiligheid. As die pasiënt waarskynlik bewusloos sal raak, plaas en vervoer in 'n stabiele sywaartse posisie (herstelposisie). Verwyder onmiddellik besmette klere.

INDIEN IN DIE OË:	Spoel aangetaste oë dadelik vir ten minste 15 minute met lopende water uit terwyl die ooglede oopgehou word, raadpleeg 'n oogspesialis.
INDIEN INGESLUK:	Spoel mond dadelik uit en drink 200 – 300 ml water, kry mediese hulp.
INDIEN OP DIE VEL:	Was deeglik met seep en water.
INDIEN INGEASEM:	Hou pasiënt kalm, verwyder na vars lug, kry mediese hulp.

- Dra rubberhandskoene en -stewels en gesigskerm en oorpak, wanneer konsentraat hanteer word en terwyl gespuut word.
- **SPOEL LEË HOUER DRIE KEER AS VOLG:** Keer die leë houer oor die spuit of mengtenk om en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel daarna die leë houer drie keer na mekaar met een kwart van die houervolume vars water en giet die spoelwater in die spuitenk of mengtenk oor Kap gate in die drie keer gespoelde houer waarna dit aan 'n goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word (www.croplife.co.za) Moet nie die houer begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houer vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.
- Maak spuittoerusting skoon na gebruik.
- Raak van die spoelwater ontslae, waar dit nie ander gewasse, weiding, riviere en damme sal besoedel nie.

BEHANDELING: Behandel volgens simptome (dekontaminasie, lewensbelangrike funksies), geen bekende spesifieke teenmiddel nie.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- Verhoed die wegdrywing van spuitnewel op gewenste plantegroei en nie-teiken areas.
- Verhoed wegdrywing van spuitnewel na damme, riviere, weiding of ander gewasse of gebiede wat nie behandel word nie.
- Vermoer oorfleueling van spuitbane.

ONTHOUDINGSPERIODE

- Daar is geen beperking vir opvolggewasse, waar 'n land wat met **Frontier[®] Optima** behandel was, en onder normale landboupraktyk geoes is nie.
- Wanneer daar, as gevolg van weersomstandighede, gewasskade voorkom en die land was met **Frontier[®] Optima** behandel, kan lande onmiddellik weer herplant word met enige gewas geregistreer met **Frontier[®] Optima**. Gedurende sulke omstandighede moet daar staat gemaak word op na-opkomsruidbeheer.
- Wanneer **Frontier[®] Optima** tesame met 'n ander onkruidoder toegedien is, moet na die spesifieke etiket van daardie onkruidoder verwys word.

WAARSKUWING TEEN WEERSTAND

Frontier[®] Optima is van die chloroacetamide groep van onkruidodders. Die metode van werking van hierdie groep is primêr die onderdrukking van selverdeling en word dus geklassifiseer deur HRAC as 'n Groepkode 15 onkruidoder.

Die voorkoms van sekere onkruidbiotipes, wat natuurlik bestand is teen **Frontier[®] Optima** en ander onderdrukkende selverdelende onkruidodders, mag bestaan as gevolg van normale genetiese variasie in enige onkruidpopulasie. Hierdie weerstandbiedende individue kan uiteindelik die onkruidpopulasie domineer, as hierdie groep onkruidodders herhaaldelik gebruik word. Hierdie bestande onkruide sal nie deur **Frontier[®] Optima** beheer word nie en waarskynlik ook nie deur ander onkruidodders wat selverdeling verhoed nie.

Aangesien dit moeilik is om te bepaal of hierdie bestande onkruide teenwoordig is voor die onkruidoder toediening, is dit van die uiterste belang dat behandelde areas gereeld geïnspekteer word, om hierdie bestande onkruide betyds te identifiseer. **BASF SA (Edms) Bpk** neem geen aanspreeklikheid vir prestasie mislukking in die geval van die opbou van bestande onkruide, as gevolg van onvoldoende weerstandbiedendheidsbestuur nie.

Om weerstandbiedendheid te vertraag:

- Vermoer uitsluitlike, heraaldeike gebruik van onkruidodders van dieselfde Groepkode.
- Integreer ander beheermaatreëls (afwisselende chemie, verbouing, wisselbou, biologies), in onkruidoderprogramme.

VIR SPESIFIEKE INLIGTING OOR WEERSTANDSBESTUUR, KONTAK U PLAASLIKE BASF SA (Edms) Bpk, VERTEENWOORDIGER.

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS VOORGESKRYF

KENNISGEWING AAN GEBRUIKER: Hierdie landboumiddel moet slegs volgens die instruksies op die etiket gebruik word. Dit is 'n oortreding ingevolge Wet No. 36 van 1947 om hierdie landboumiddel vir enige ander doel te gebruik op 'n wyse wat strydig is met die aanwysings op die etiket.

Algemene inligting:

- **Frontier[®] Optima** is 'n vooropkoms-, breëspektrumonkruidoder, vir die beheer van eenjarige grasse en -breëblaar onkruide (soos aangedui) en onder sekere omstandighede ook geeluintjies.
- Die opname area van die onkruide van **Frontier[®] Optima**, is deur die koleoptiel in monokotiele plante (grasse) en deur die hipokotiel en ontwikkelende wortels in dikotiele plante (breëblaar plante). Opname geskied tussen ontkieming van die saad en die opkoms van die saailing deur die grond.
- Toedieningstyd moet daarom betyds geskied, om die **Frontier[®] Optima** 'n kans te gee om die grondvog (aktivering) en die teikengebied te bereik, voor die opkoms van die onkruide.
- Reën of besproeiing is noodsaaklik voor die onkruide opkom, om die onkruidoder te aktiveer.
- Laat toedienings of aktivering, of toedienings nadat die onkruide reeds opgekom het, sal grootliks verlaagde effektiwiteit veroorsaak.

Verenigbaarheid:

Frontier[®] Optima is verenigbaar met:

- Geregistreerde atrazine 500 g/g SC formulasies.
 - **Hammer[®] (L5201)**, verwys na die **Hammer[®]** etiket vir verdere inligting.
 - **Gesaprim Super[®] 600 SC (L3914)**.
- Verwys altyd na die betrokke produk-etiket.
Die verenigbaarheid van ander / alternatiewe formulasies as hierbo genoem, is onbekend.

Menginstruksies:

- Vul die spuitnekk drie kwart vol met skoon water. Skud die Skud die **Frontier[®] Optima** houër goed voor gebruik.
- Meet die verlangde volume van **Frontier[®] Optima** af en meng dit vooraf met met ten minste 10 l water, voordat dit

by die tenk gevoeg word. voordat dit by die tenk gevoeg word.

- Vul die tenk met water tot by die verlangde vlak, terwyl daar voortdurend geroer word, om deeglike vermenging te verseker, alvorens daar met toediening begin word.
- Indien enige ander produk saam met **Frontier® Optima** gemeng word, moet dit vooraf eers tot die verlangde volume van elke produk, op dieselfde manier gemeng word.
- Wanneer **Frontier® Optima** as 'n tenkmengsel, met 'n onkruidodder wat 'n SC of WG formulase is, gebruik word, moet hierdie ander produkte eerste in die water gegooi word.
- Verseker dat die spuitoplossing voortdurend, gedurende vermenging en bespuiting, geroer word.
- Aangemaakte spuitmengsels moenie in die spuittenk gelaat word vir 'n onbepaalde tyd, bv. oornag, nie.

TOEDIENINGSINSTRUKSIES

Grondtoediening:

- **Frontier® Optima** kan, of algeheel toegedien word in 'n minimum van 200 l water/hektaar, of as 'n bandoediening, met dienoreenkomsig die hoeveelheid water per bespuitte hektaar gebruik word.
- Enige medium- of hoë volume trekker gemonteerde bespuitingsapparaat kan gebruik word, solank dit korrek gekalibreer is en 'n effektiewe tenkroeringsapparaat besit.
- Platwaaiër spuitkoppe moet aan die spuitbalk gemonteer word, om 'n eweredige en egalige verspreiding van die onkruidodder op die grondoppervlak te verseker.

Lugtoediening:

Verhoog alle voorgeskrewe dosisse met 10% vir lugtoediening.

Frontier® Optima kan slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- **Volume:** 'n Spuitmengselvolume van 30 'n Spuitmengselvolume van 30 l per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- **Druppelbedekking:** 20 – 30 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 350 – 400 mikron word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.'n

Druppelspektrum met 'n VMD van 350 – 400 mikron word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.

- **Vlieghoogte:** Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 – 4 meter. Moenie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte **atomiseringsapparaat** wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 – 75% van die vierkantspan om te verhoed dat druppels binne-in die **vlerventvorteks** beweeg.
- Die verskil in **temperatuur** tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihiogrameter, moenie 8°C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die **windspoed** 15 km/uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens **turbulente**, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting, onder temperatuur **inversie toestande** (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en / of hoë **luggvoeg toestande** (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
 - Verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - Skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken areas.
- Verseker dat die lugbespuitingsoperateur presies weet wat lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

Spilpuntoediening:

Frontier® Optima mag deur 'n spilpunt toegedien word, in ooreenstemming met die **TOEDIENINGSDOSISSE EN VOORSKRIFTE** soos aangedui hieronder en sorg moet gedra word dat die volgende voorwaardes nagekom word.

- Gebruik slegs 'n spilpunt wat water egalig toedien.
- Gebruik slegs inspuitpompe wat akkuraat gekalibreer kan word.
- Dien in 'n maksimum van 10 mm water toe. **Moenie hierdie watervolume oorskrei nie.**
- Voldoende roering moet deurentyd gehandhaaf word, om die onkruidodder in suspensie te hou.
- Die spilpunt moet oor 'n antihewingsstelsel en -kleppe beskik, wat besoedeling terug na die waterbron sal verhoed gedurende afsluiting, of oorloop van die vermengingstenk.

- Spuit die mengsel voor enige reghoekige draai op die hoofwaterlyn in, om voldoende vermenging met die besproeiingswater te verseker.
- Chemiese inspuitspomp en waterpompe moet gelyktydig afgeskakel kan word.
- Toediening in windrige toestande kan lei tot spuitnewel wegdrywing, wat vermy moet word. Lekplekke in die sisteem en onegalige toediening, mag skade aan die gewas veroorsaak.
- Spuitpatrone wat nie voldoende oorvleuel nie, kan lei tot swak onkruidbeheer. Oormatige oorvleueling kan egter tot gewasbeskadiging lei.

Metode: Berei 'n mengsel van 'n minimum van een deel onkruidodder met een deel water voor en spuit hierdie mengsel met 'n positiese verplasende pomp in die spilpuntsisteem in. Deur die inspuiting van 'n groter volume (meer verdunde mengsel per uur), kan 'n meer akkurate kalibrasie van die inspuitpomsisteem verkry word.

Waaskuwing: As gevolg van holtes en oneweredige grondoppervlakte mag spilpuntoedienings peele water teweegbring. Indien dit direk oor die gewassaailinge gebeur, sal skade voorkom. Dien op 'n egalige land toe.

Tabel 1. Toedieningsdosisse op aartappels.

GEWAS	% KLEI	Dosis l/ha	GEBRUIKSAANBEVELINGS
AARTAPPELS	0 – 10	0,4 – 0,5	Dien na operting toe. Gebruik die laer dosis, slegs vir eenjarige grasbeheer. Gebruik die hoër dosis, wanneer geeluintjies en / of breekblaaronkruid 'n probleem is.
	11 – 20	0,5 – 0,7	
	21 – 30	0,7 – 0,9	
	31 – 40	0,9 – 1,2	
NB: VERWYS OOK NA GEBRUIKSBEPERKINGS, WEERSTANDBIEDENDHEIDSWAARSKUWING, GEBRUIKSAANWYSINGS EN BELANGRIKE NOTAS.			

Tabel 2. Toedieningsdosisse vir droëbone, nierbone en sojabone

GEWAS	% KLEI	Dosis l/ha	GEBRUIKSAANBEVELINGS
DROËBONE, NIERBONE EN SOJABONE	11 – 20	0,5 – 0,75	Gebruik die laer dosis, slegs vir eenjarige grasbeheer. Gebruik die hoër dosis, wanneer geeluintjies en / of breekblaaronkruid 'n probleem is.
	21 – 30	0,75 – 1,0	
	31 – 40	1,0 – 1,25	

WAARSKUWING

Moenie **Frontier® Optima** op droëbone, nierbone of sojabone toedien, waar die klei-inhoud laer is as 10% is nie, daar dit onder sekere klimaatstoestande gewasskade mag veroorsaak.

LW: VERWYS OOK NA GEBRUIKSBEPERKINGS, WEERSTANDBIEDENDHEIDSWAARSKUWING, GEBRUIKSAANWYSINGS EN BELANGRIKE NOTAS.

Tabel 3. Toedieningsdosisse vir graansorghum.

GEWAS	% KLEI	Dosis l/ha	GEBRUIKSAANBEVELINGS
GRAANSORGHUM	0 – 20	0,4 – 0,7	Gebruik die laer dosis, slegs vir eenjarige grasbeheer. Gebruik die hoër dosis, wanneer geeluintjies en / of breekblaaronkruid 'n probleem is.
	21 – 30	0,7 – 0,9	
	31 – 40	0,9 – 1,2	
	>40	1,2	

WAARSKUWING

BASF SA (Edms) Bpk aanvaar geen aanspreeklikheid vir skade aan kultivars, wat nie op hierdie etiket verskyn nie.

Frontier® Optima word slegs op die volgende graansorghum kultivars aanbeveel en sade wat behandel is met **Concept® (L5051)**.

Die effek van **Frontier® Optima** op ander kultivars, is onbekend.

CRN 7610	PAN 8509	PAN 8591	NK 283	SNK 3727	CRN 7611	PAN 8560
NK 222	NK 286	VS 881	DC 75	PAN 8564	NK 280W	NK 304
LW: VERWYS OOK NA GEBRUIKSBEPERKINGS, WEERSTANDBIEDENDHEIDSWAARSKUWING, GEBRUIKSAANWYSINGS EN BELANGRIKE NOTAS.						

Tabel 4. Toedieningsdosisse vir grondboontjies.

GEWAS	% KLEI	Dosis l/ha	GEBRUIKSAANBEVELINGS
GRONDBONE	0 – 10	0,5	Gebruik die laer dosis, slegs vir eenjarige grasbeheer. Gebruik die hoër dosis, wanneer geeluintjies en / of breekblaaronkruid 'n probleem is.
	11 – 20	0,5 – 0,75	
	21 – 30	0,75 – 1,0	
	31 – 40	1,0 – 1,25	
WAARSKUWING			
Toediening van Frontier® Optima op grondbone, waar die klei-inhoud laer is as 10%, mag, onder sekere klimaatstoestande, gewasskade veroorsaak.			
LW: VERWYS OOK NA GEBRUIKSBEPERKINGS, WEERSTANDBIEDENDHEIDSWAARSKUWING, GEBRUIKSAANWYSINGS EN BELANGRIKE NOTAS.			

Tabel 5. Toedieningsdosisse vir mielies.

GEWAS	% KLEI	Dosis l/ha	GEBRUIKSAANBEVELINGS
MIELIES	0 – 10	0,5	Gebruik die laer dosis, slegs vir eenjarige grasbeheer.
	11 – 20	0,5 – 0,75	
	21 – 30	0,75 – 1,0	Gebruik die hoër dosis, wanneer geelintjies en / of breëblaaronkruid 'n probleem is.
	31 – 40	1,0 – 1,25	
	>40	1,25	

Vooropkoms-onkruidbeheer met Frontier® Optima alleen:

- Waar breëblaaronkruid nie 'n groot probleem is nie, mag **Frontier® Optima** alleen toegedien word.

Vooropkoms-onkruidbeheer met Frontier® Optima in tenkmengsels (alle grondtipes):

- Waar breëblaaronkruid 'n groot probleem is, word die volgende tenkmengsels aanbeveel:
- Atrazine 500 SC of Gesaprim Super® 600 SC teen 1 – 2 l/ha.
- Toedienings mag later gespuit word, op voorwaarde, dat dit 'n gerigte bespuiting is en voor die opkoms van die onkruid (bv. na 'n skoffel). Onkruid wat alreeds opgekrom het ten tye van toediening, sal nie beheer word nie.

Voor-opkoms van onkruid, na opkoms van die gewas:

- **Frontier® Optima** kan na-opkoms van die gewas aangewend word as 'n residuele onkruiddoderbehandeling met 'n gerigte tussenryspuiting voordat die mielie gewas die BBCH 31 (met eerste node sigbaar bo die grond) groeistadium bereik.
- Onkruid wat reeds ontkiem het op die tystyp van toediening, sal nie deur **Frontier® Optima** beheer word nie.
- Onder sekere omstandighede, veral wanneer bykomende hulpmiddels gebruik word, mag toedienings oor die gewas ná die BBCH 31 groeistadium lei tot skade binne die roset van die plant. Daar mag ook sekondêre infeksie van swamme en bakterieë volg, wat kan lei tot oesverlies.

LW: Frontier® Optima mag op suikermielies en springmielies toegedien word.

- Indien 'n tenkmengsel gebruik word, verseker dat die bygevoegde produk ook geregistreer is op springmielies en suikermielies.

Vir laatontkiemende onkruid, is die volgende produkte vir na-opkoms geregistreer:

- **Basagran®** (L2916)
- of **Basagran®** plus Atrazine 500 g/l.
- **Stellar® Star** (L9391)
- **Campus®** (L8521)

Verwys na die onderskeie produketikette.

LW: VERWYS OOK NA GEBRUIKSBEPERKINGS, WEERSTANDBIEDENDHEIDSWAARSKUWING, GEBRUIKSAANWYSINGS EN BELANGRIKE NOTAS.

Tabel 6. Toedieningsdosisse op tabak.

GEWAS	% KLEI	Dosis l/ha	GEBRUIKSAANBEVELINGS
TABAK	0 – 20	0,7	Slegs sterk gesonde plantjies moet uitgeplant word, met die wortels goed onder die grondoppervlak geplaas. Moenie Frontier® Optima op saailaaiplantjies gebruik nie.
	21 – 30	1,0	
	31 – 40	1,2	

Metode en tyd van toediening in tabak:

- Dien **Frontier® Optima** toe, as 'n algehele oppervlakbespuiting, binne drie dae na uitplant van die tabak, terwyl die plantjies nog verlep is.
- Waar tabak op walle geplant word, moet van 110° spuitpunte gebruik gemaak word, vanaf 'n posisie tussen die walle. Dit sal 'n meer egalige verspreiding van die onkruiddoder tot gevolg hê.
- Binne 3 – 4 dae na die toediening van **Frontier® Optima**, moet sprinkelbesproeiing (nie meer as 15 mm nie) toegedien word, om die produk te aktiveer, maar uitwassing verhoed.
- **OONDGROEGDE TABAK** – Vir die beheer van *Cyperus rotundus*, asook vir verbeterde beheer van *Cyperus esculentus* en breëblaaronkruid, kan Authority 75 WG (L6262) direk na die **Frontier® Optima** toegedien word. **Onder geen omstandighede mag Authority® 75 WG en Frontier® Optima saam**, in 'n tenkmengsel, toegedien word nie. Raadpleeg die toepaslike Authority® 75 WG etiket.

WAARSKUWINGS

- Na **Frontier® Optima** toediening op tabak, mag 'n ligte verkleuring van die sandblare en / of verdwering opgemerk word. Dit is egter van 'n verbygaande aard en behoort nie 'n negatiewe effek op oesopbrengs te hê nie. Nogtans moet sekere voorsorgmaatreëls nagekom word, aangesien die moontlikheid van skade onder die volgende omstandighede verhoog word:
- Wanneer swak en / of beskadigde, of siek plante uitgeplant word;
 - wanneer tabakplantjies onsoorgvuldig uitgeplant word, met die wortels boontoe gekrul of wanneer die wortels tydens toediening aan die onkruiddoder blootgestel word;
 - wanneer tabak in klipperige of gruiserige grond uitgeplant is;
 - wanneer meer as 15 mm reën of besproeiing kort na uitplant plaasvind;
 - wanneer behandelde grond met die wortels van inboetplantjies in kontak kom;
 - wanneer plantjies korter as 150 mm is;
 - wanneer toegedien word bo-oor haalbeskadigde tabakplante.

LW: VERWYS OOK NA GEBRUIKSBEPERKINGS, WEERSTANDBIEDENDHEIDSWAARSKUWING, GEBRUIKSAANWYSINGS EN BELANGRIKE NOTAS.

Belangrike notas

1. **Frontier® Optima** moet, met of na plant, maar voor onkruidopkoms, toegedien word.

2. Wanneer in **klam grond** geplant word, moet **Frontier® Optima** binne drie dae na plant (maar verkieslik tydens plant), op 'n relatiewe fyn, egalige, ferm en vars voorbereide, onkruidvrye saadbed, toegedien word. **Nie meer as drie dae moet verstryk tussen bewerking en toediening nie.**

- Om goeie resultate te verkry, is dit noodsaaklik dat die onkruidodertoediening opgevolg moet word deur 10 – 15 mm reën of sprinkelbesproeiing, voordat die onkruid opkom.
- Indien reën nie betyds val nie, sal ontkiemende onkruid verpot wees, wat maklik beheer kan word met 'n vlak grondbewerking, wat terselfdertyd die onkruidodder sal meng met die boonste 10 – 20 mm grond.
- 'n Diep bewerking moet vermy word, want dit sal die produk in die grond verdun en kan onbehandelde grond na die oppervlak bring, wat tot swak onkruidbeheer mag lei.'

3. Wanneer in droë grond geplant word (onvoldoende vog vir ontkieming), moet **Frontier® Optima** so na as moontlik aan, maar beslis voor, die eerste reën toegedien word. Onkruid wat reeds opgekom het met toediening, sal nie beheer word nie.

- Onder droë toestande, sal 'n vlak inkorporering van die produk – nie dieper as 10 – 20 mm nie – effektiwiteit verbeter.
- 'n Diep bewerking moet vermy word, want dit sal die produk in die grond verdun en kan onbehandelde grond na die oppervlak bring, wat tot swak onkruidbeheer mag lei.

4. Grondverplasing:

- Op ligte sanderige gronde van 0 – 10% klei (bv. sekere bogronde in Noordwes Provinsie, noordwes Vrystaat en Noord Kaap), sal onkruidbeheer verswak word, indien sterk winde die behandelde bogrond wegwaai, nadat **Frontier® Optima** toegedien is.
- Onkruidbeheer mag ook verswak word, indien swaar reëns die bogrond wat **Frontier® Optima** bevat, wegspoel.
- Toediening op 'n swak voorbereide saadbed met kluite op die grondoppervlak, sal 'n verlaagde effektiwiteit veroorsaak.
- Waar 'n gewas in vore geplant is en reën verplaas die behandelde grond vanaf die kante van die sloot in 'n gekonsentreerde laag direk bo-oor die geplante sade, mag gewasskade voorkom.

5. Minimum- of geen bewerkingsituasies:

Aangesien plantreste op die grondoppervlak onkruidodderopname in die grondprofiel benadeel, behoort die hoër dosis vir die toepaslike grondtipe, beter resultate te lewer.

6. **Langdurige koel- en nat weerstoestande**, oormatige besproeiing, infeksie van saad of jong saailinge deur

grond- of saadgedraagde siektes, sade te diep of te vlak geplant ens., mag lei tot oesgewasskade. Waar toepaslik, moet sade dus verkieslik behandel word met 'n gepaste swamdodersaadbehandeling.

7. Moenie Frontier® Optima onder die volgende toestande toedien nie, aangesien gewasbeskadiging mag voorkom:

- Op swak gedreineerde grond, grond met 'n verdigtingslaag, of grond met 'n voedingsgebrek.
- Op ingeteelde ouerplante van meliebasters, proef- of nuut-vrygestelde kultivars van al die **Frontier® Optima** geregistreerde gewasse, insluitende saadproduksie van enige **Frontier® Optima** geregistreerde gewasse, sonder om eers die verspreider of vervaardiger te raadpleeg nie.
- Gewasskade kan ook verwag word, waar die grond vasslaan voor die saailinge opkom, of as saadontkieming vertraag is.

Die volgende onkruidspesies word normaalweg deur 'n vooropkomstoediening van **Frontier® Optima** beheer, teen die aangeeude dosis.

GRASSES			
<i>Brachiaria eruciformis</i>	Litjiesinjalgras	<i>Panicum maximum</i>	Gewone Buffelsgras
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras	<i>Panicum schinzii</i>	Soet Buffelsgras
<i>Digitaria ciliaris</i>	Tropiese vingergras	<i>Setaria faberi</i>	Sjineseborselgras
<i>Echinochloa crus-galli</i>	Hanepootmanna	<i>Setaria pallide-fusca</i>	Rooi borselgras
<i>Eleusine corocana</i>	Jongosgras	<i>Setaria verticillata</i>	Klitsborselgras
		<i>Urochloa panicoides</i>	Beesgras

BREËBLARE			
<i>Amaranthus deflexus</i>	Meerjarige misbredie	¹ <i>Datura stramonium</i>	Stinkblaar
<i>Amaranthus hybridus</i>	Gewone misbredie	<i>Galinsoga parviflora</i>	Knopkruid
<i>Amaranthus spinosus</i>	Doringmisbredie	<i>Nicandra physaloides</i>	Basterappelliefie
¹ <i>Bidens pilosa</i>	Knapsekêrel	<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein
¹ <i>Chenopodium album</i>	Wit hondebossie	<i>Richardia brasiliensis</i>	Tropiese Richardia
<i>Cleome monophylla</i>	Rusperbossie	<i>Schkuhria pinnata</i>	Kleinkakiebos
¹ <i>Commelina benghalensis</i>	Bengaalse wandelende Jood	¹ <i>Tagetes minuta</i>	Kakiebos
¹ <i>Crotalaria sphaerocarpa</i>	Wilde lusern	¹ <i>Tribulus terrestris</i>	Dubbeltjie
¹ <i>Datura ferox</i>	Grootolieboom	<i>Xanthium Strumarium</i>	Kankerroos
¹ Beheer van hierdie onkruid is wisselvallig. Laat- en diep ontkiemers word nie heeltemal beheer nie.			

UINTJIES			
<i>Cyperus esculentus</i>	Geeluintjie		

Die beheer van geeluintjies kan verbeter word, deur aan die volgende voorwaardes te voldoen:

- Die plantproses moet onmiddellik voorafgegaan word deur 'n deeglike bewerking met 'n skaarploeg.
- 'n Relatiewe fyn, egalige en ferm saadbed voorberei is.
- Die onkruidodertoeidinge word minstens 10 – 15 mm sagte deurdringende reën (of besproeiing), gevolg word, om die onkruidodder in die grond in te was, voordat die geeluintjies opkom (gewoonlik 7 – 10 dae na die deeglike grondbewerking). Meer reën is nodig op swaarder grond, vir goeie resultate. Onvoldoende vog is dikwels die rede waarom swak beheer op turfgronde verkry word.
- Wanneer in klam grond geplant word, moet **Frontier® Optima** tydens, of onmiddellik na die plantproses toegedien word, om onkruidodder aktivering ,voor die opkoms van die geeluintjies te verseker.
- Wanneer in droë grond geplant word (onvoldoende vog om geeluintjies te laat ontkiem), moet die toediening van **Frontier® Optima** uitgestel word, tot so na as moontlik aan, maar beslis voor, die eerste reën.

Ander plant spesies, wat nie voorgekom het tydens die ontwikkelingsproewe met die middel nie, kan ook moontlik in mindere of meerdere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar egter geen aanspreeklikheid ten opsigte van ongelyste onkruid nie.

VERKOOPVOORWAARDES EN WAARBORG

Die **GEBRUIKSAANWYSINGS** van hierdie produk weerspieël die opinie van kundiges, gebaseer op gebruik in die veld en in proewe. Die aanwysings word as betroubaar geag en moet noukeurig nagekom word. Dit is egter onmoontlik om alle risiko's wat inherent met die gebruik van hierdie produk geassosieer word, uit te skakel. Gewasskade, oneffektiwiteit of ander onopsetlike gevolge mag voorkom as gevolg van faktore soos weerstoestand, teenwoordigheid van ander materiale, of wanneer die produk op 'n wyse wat teenstrydig met die etiket is, gebruik word; dit alles is buite die beheer van BASF Suid-Afrika (Edms) Bpk ("BASF") of die Verkoep. In die mate waarin dit in ooreenstemming met toepaslike wetgewing is, sal alle risiko's deur die Koper aanvaar word.

BASF waarborg dat hierdie produk aan die vereistes van die chemiese beskrywing op die etiket voldoen, en is redelikerwys geskik vir die gebruikdoeleindes soos uiteengesit in die **GEBRUIKSAANWYSINGS**, onderhewig aan die inherente risiko's, soos hierbo na verwys.

IN DIE MATE WAT DIT MET TOEPASLIKE WETGEWING OOREENSTEM, GEE BASF GEEN ANDER UITDRUKKING OF GEÏMPLISEERDE WAARBORG VAN GESKIKTHEID OF VERKOOPVERNUF OF ENIGE ANDER UITDRUKKING OF GEÏMPLISEERDE WAARBORG NIE.

IN DIE MATE WAT DIT MET TOEPASLIKE WETGEWING OOREENSTEM, SAL DIE KOPER SE UITSLUITLIKE REGSMIDDEL EN BASF SE UITSLUITLIKE AANSPREEKLIKHEID, HETSY IN KONTRAK, ONREGMATIGHEID, NALATIGHEID, STRENG AANSPREEKLIKHEID, OF ANDERSINDS, BEPERK WORD TOT TERUGBETALING VAN DIE AANKOOPPRYS VAN DIE PRODUK.

IN DIE MATE WAT DIT MET TOEPASLIKE WETGEWING OOREENSTEM, DOEN BASF EN DIE VERKOPER, AFSTAND VAN ENIGE AANSPREEKLIKHEID TEN OPSIGTE VAN VOORTSPRUITENDE SKADE, SKADEVERGOEDING, SPESIALE OF INDIREKTE SKADE, UIT DIE GEBRUIK OF HANTERING VAN HIERDIE PRODUK.

BASF en die Verkoep bied hierdie produk aan, en die Aankoper en Gebruiker aanvaar dit, onderhewig aan die voorafgaande Verkoopvoorwaardes en Waarborg, wat slegs gewysig mag word deur 'n skriftelike ooreenkoms, wat na behore deur 'n gemagtigde verteenwoordiger van BASF onderteken is.

Basagran®, Hammer®, Stellar® en **Campus®** is Geregistreerde Handelsmerke van BASF.

Concept® III 964 EC is 'n Geregistreerde Handelsmerk van Syngenta Suid-Afrika (Edms) Bpk.

Gesaprim® Super 600 SC is 'n Geregistreerde Handelsmerk van Syngenta Suid-Afrika (Edms) Bpk.

Authority 75 WG is 'n Geregistreerde Handelsmerk van FMC Suid-Afrika (Edms) Bpk.

Frontier® Optima

Reg. No. L7011; N-AR 0803

Act No. 36 of 1947

**READ ATTACHED PACKAGE LEAFLET BEFORE USE
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

GROUP	15	HERBICIDE
-------	----	-----------

An emulsifiable concentrate pre-emergent herbicide, for control of annual grasses and annual broadleaf weeds (as indicated), and under certain conditions also yellow nutsedge, in dry beans, grain sorghum, groundnuts, kidney beans, maize, potatoes, soya beans and tobacco.

'n Emulgeerbare konsentraat voor-opkomsnkruidoder, vir die beheer van eenjarige grasse en eenjarige breëblaaronkruid (soos aangetoon), en onder sekere omstandighede ook geeluintjies, in aartappels, droëbone, graansorghum, grondbone, mielies, nierbone, sojabone en tabak.

Hazard statements:

- Causes serious eye irritation.
- Causes skin irritation.
- Harmful if swallowed.
- May cause an allergic skin reaction.
- May cause respiratory irritation.
- Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

Precautionary statements:

- Wear protective gloves and eye protection or face protection.
- Avoid breathing mist or vapour or spray.

Active ingredients / Aktiewe bestanddele:

Dimethenamid-P (chloroacetamide).....720 g/l


Registered by:

BASF South Africa (Pty) Ltd, Co. Reg. No. 66/10235/07, 852 Sixteenth Road, P.O. Box 2801, Halfway House 1685, +27 11 203 2400

Batch No. & Date manufactured: Refer to details printed on container
Lotnommer & Datum vervaardig: Verwys na besonderhede gedruk op houër

UN-No. / VN-Nr: 3082

EMERGENCY NUMBERS +27 82 446 8946 or +27 11 203 2420
In case of poisoning, call the following number: +27 861 555 777



10 l